

Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring



Verdere Onderwys- en Opleidingsfase Graad 10-12



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

GRAAD 10-12



MUSIEK



Departement van Basiese Onderwys

Strubenstraat 222

Privaatsak X895

Pretoria 0001

Suid-Afrika

Tel: +27 12 357 3000

Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023

Kaapstad 8000

Suid-Afrika

Tel: +27 21 465 1701

Faks: +27 21 461 8110

Webtuiste: <http://www.education.gov.za>

© 2011 Departement van Basiese Onderwys

ISBN: 978-1-4315-0626-2

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor 'n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geïnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
 - Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te onsluit;
 - Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- 'n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het 'n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was 'n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir 'n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.



Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)* wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik dié vir Graad R-9 en Graad 10-12 in 'n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, geïntegreer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is 'n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

- (a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;
- (b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.

MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP
MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS




INHOUDSOPGAWE

AFDELING 1 INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM EN ASSESSERINGS BELEIDSVERKLARINGS	3
1.1 Agtergrond.....	3
1.2 Oorsig.....	3
1.3 Algemene doelstellings van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum	4
1.4 Tydstoekening	6
1.4.1 Grondslagfase.....	6
1.4.2 Intermediêre Fase	6
1.4.3 Senior Fase.....	7
1.4.4 Graad 10-12	7
AFDELING 2: INLEIDING TOT MUSIEK.....	8
2.1 Wat is Musiek, die vak?	8
2.2 Doelstellings	8
2.3 Instrumente wat aangebied kan word	8
2.4 Bane.....	9
2.5 Tydtoedeling vir Musiek.....	11
2.6 Progressie.....	11
2.7 Onderwysers.....	12
AFDELING 3: OORSIG OOR TEMAS PER KWARTAAL EN JAARLIKSE ONDERRIGPLANNE	13
3.1 Oorsig oor temas en tydsindeling	13
3.2 Jaarplan vir onderrig.....	14



AFDELING 4: ASSESSERING IN MUSIEK	58
4.1 Inleiding tot assessering	58
4.1.1 Assessering in Musiek	58
4.2 Informele of daaglikse assessering.....	59
4.3 Formele assessering.....	59
4.3.1 Praktiese Assesseringstake (PAT'e)	63
4.3.2 Skriftelike opdragte	64
4.3.3 Eksamens	66
4.3.4 Kognitiewe vlakke	66
4.4 Assesseringsprogram	66
4.4.1 Voorskrifte (getal en aard van die take) vir Musiek	66
4.5 Rekordhouding en rapportering	69
4.6 Prestasievlakke en persentasies vir rekordhouding en rapportering.....	70
4.7 Moderering van assessering.....	70
4.7.1 Moderering van die assesseringstake – drie vlakke	70
4.8 Algemeen	70
BYLAE 1: WOORDELYS VIR KURRIKULUM EN ASSESSERING.....	71
BYLAE 2: INHEEMSE MUSIEKGENRES VAN SUID-AFRIKA.....	74
BYLAE 3: GENRES EN BEOORDELINGSKONSEPTE	76
BYLAE 4: STANDAARD MUSIEKREPERTORIUM	82
BYLAE 5: AFRIKA MUSIEKINSTRUMENTE.....	85



AFDELING 1

INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesserings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

1.2 Oorsig

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:
- (i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;
 - (ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
 - (iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012)*.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:
- (i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en
 - (ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 7 Mei 2005.
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrafe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)*, gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:
- (i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
 - (ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124, in Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;
 - (iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005;

- (iv) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoefte*, gepromulgeer in *Staatskoerant*, No. 29466 van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (v) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot die Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing*, No. 1267, in *Staatskoerant* No. 29467 van 11 Desember 2006.
- (d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelingsoor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12*. Die uitkomstes en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomstes en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:
- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
 - om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
 - om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
 - om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.
- (c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:
- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
 - *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
 - *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaard vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

Progressie: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid:* Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelukheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
 - *Waardering vir inheemse kennissisteme:* Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
 - *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid:* Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.
- (d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:
- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
 - werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
 - organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
 - versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
 - kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
 - gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
 - begryp die wêreld is 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.
- (e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiering te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010)*.

1.4 Tydstoekening

1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

VAK	GRAAD (UUR)	GRAAD 1-2 (UUR)	GRAAD 3 (UUR)
Huistaal	10	8/7	8/7
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede	6	6	7
• Aanvangskennis	(1)	(1)	(2)
• Skeppende Kunste	(2)	(2)	(2)
• Liggaamlike Opvoeding	(2)	(2)	(2)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1)	(1)	(1)
TOTAAL	23	23	25

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

VAK	UUR
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3,5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede	4
• Skeppende Kunste	(1,5)
• Liggaamlike Opvoeding	(1)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1,5)
TOTAAL	27,5

1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Skeppende Kunste	2
TOTAAL	27,5

1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

VAK	TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR)
Huistaal	4,5
Eerste Addisionele Taal	4,5
Wiskunde	4,5
Lewensoriëntering	2
Enige drie keusevakke uit Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8) van die beleidsdokument, <i>Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12</i> , onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in paragraaf 28 van die genoemde beleidsdokument.	12 (3 x 4 uur)
TOTAAL	27,5

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

AFDELING 2:

INLEIDING TOT MUSIEK

2.1 Wat is Musiek, die vak?

Musiek is die kuns om klank en stilte te organiseer, om daarmee die intellektuele, emosionele en geestelike aspekte van menswees uit te druk. Musiek kan met ander kunsvorme gekombineer word en word dikwels deur tegnologie aangevul. Dit kan 'n wye reeks historiese, kulturele en sosio-ekonomiese idees en kwessies kommunikeer. Musiek beskik oor die vermoë om groepe te verenig. Dit kan gemeenskapsbetrokkenheid ten opsigte van die verbetering van lewenskwaliteit, sosiale genesing en bevestiging van menswaardigheid mobiliseer.

2.2 Doelstellings

Graad 10-12-musiekleerders moet die volgende ontwikkel:

- Tegniese beheer oor een of meer musiekinstrumente of die stem
- Uitvoeringssvaardighede van 'n wye verskeidenheid musiekwerke in solo- en ensemble-verband. Dit kan Westerse kunsmusiek (WKM), jazz en inheemse Afrika-musiek (IAM) insluit.
- Leesvermoë van musieknotasie (s)
- Kreatiwiteit deur improvisasie en ontwikkeling van eie musiekidees
- Begrip van bestaande musiekwerke ten opsigte van gebruik van komposisietegnieke, toepassing van musiekelemente daarin en om dit dan in 'n bepaalde kultuurhistoriese konteks te plaas.
- Bewustheid van verskeie musiektradisies
- Vertroudheid met verskeie musiekstyle

2.3 Instrumente wat aangebied kan word

- klawerbordinstrumente
- stem
- blokfluit
- kitaar
- orkesinstrumente
- perkussie (3 instrumente)
- instrumente wat in ligte musiekgroepe en jazz-ensembles gebruik word ('band instruments')
- tromstel ('drum kit')

- inheemse Afrika-instrumente
- Indiese instrumente
- staalpan ('steel pan')

2.4 Bane

Die KABV's bied skole die geleentheid om, vir Algemene Musiekkennis, in een van die volgende drie bane te spesialiseer:

- Westerse kunsmusiek (**WKM**)
- Jazz (**JAZZ**)
- Inheemse Afrika-musiek (**IAM**)



Skematiese uitleg van Algemene Musiekkennis:

Kwartaal	Graad 10			Graad 11			Graad 12		
	WKM	JAZZ	IAM	WKM	JAZZ	IAM	WKM	JAZZ	IAM
1	<ul style="list-style-type: none"> • Klassifikasie van instrumente • Vorm • Rock en pop • PAT: Studie van eie voordrag-instrument 	<ul style="list-style-type: none"> • Klassifikasie van instrumente • Vorm • Rock en pop • PAT: Studie van eie voordrag-instrument 	<ul style="list-style-type: none"> • Klassifikasie van instrumente • Vorm • Rock en pop • PAT: Studie van eie voordrag-instrument 	<ul style="list-style-type: none"> - Musiekteater - Rock & pop 	<ul style="list-style-type: none"> - Musiekteater - Rock & pop 	<ul style="list-style-type: none"> - Inheemse musiekteater - Moderne samestellings 	Ontwikkeling van Die Oratorium PAT: Die Sonate of Die Oratorium	Afrotonia PAT: Vergelyk vokale en instrumentale SA jazz	<ul style="list-style-type: none"> - Metafore van musiek as lewende - Verwisselbare konsepte - Voorvaders se rol in hoe IAM vertolk word
2 a	<ul style="list-style-type: none"> • Afrikaanse musiek • Boeremusiek • Moppies en Ghoemas • Indiese musiek 	<ul style="list-style-type: none"> • Afrikaanse musiek • Boeremusiek • Moppies en Ghoemas • Indiese musiek 	<ul style="list-style-type: none"> • Afrikaanse musiek • Boeremusiek • Moppies en Ghoemas • Indiese musiek 	<ul style="list-style-type: none"> - Romantiese stylperiode 	<ul style="list-style-type: none"> - Bebop - Hard bop - Cool jazz 	<ul style="list-style-type: none"> - Funksie en waarde van IAM - IAM en temas 	Ontwikkeling van die simfonie	Afrotonia	<ul style="list-style-type: none"> - Moderne samestellings - Geskiedenis van populêre Afrika-musiek
2 b	Inleiding tot WKM (historiese tydlyn)	Inleiding tot JAZZ (historiese tydlyn)	Inleiding tot IAM (historiese tydlyn)						
3	Barok-stylperiode	Vroeë jazz: - Ragtime - Stride-klavier	Klassifikasie van IAM: - Kinderliedere - Gemeekap-sliedere	Moderne stylperiode	<ul style="list-style-type: none"> - Vry en Avant-garde jazz - Jazz-fusie - Smooth jazz 	<ul style="list-style-type: none"> - Analitiese kenmerke - Om te werk met inheemse musiek-beoefenaars 	<ul style="list-style-type: none"> - SA musiek-industrie 	<ul style="list-style-type: none"> - SA musiek-industrie 	<ul style="list-style-type: none"> - SA musiek-industrie
4	Klassieke stylperiode	<ul style="list-style-type: none"> - New Orleans en Chicago era - Swing-era 	Subgenres en Terminologie van - Nguni-groep - Sotho-groep	<ul style="list-style-type: none"> Oorsig oor JAZZ Oorsig oor IAM 	<ul style="list-style-type: none"> Oorsig oor WKM Oorsig oor IAM 	<ul style="list-style-type: none"> Oorsig oor JAZZ Oorsig oor WKM 	FINALE EKSAMEN	FINALE EKSAMEN	FINALE EKSAMEN

In graad 10, 1^{ste} kwartaal en 'n deel van 2^{de} kwartaal is die inhoud identies dwarsoor die drie bane.

In graad 11, 4^{de} kwartaal word elke baan aan die ander twee voorgestel.

In graad 12 is die 3^{de} en 4^{de} kwartale dieselfde regoor die bane.

Leerders sal dit meestal verkies om stukke in die styl van die gekose baan te speel. As hulle byvoorbeeld IAM aanbied, sal hulle hul Afrika-stukke op Afrika-instrumente wil speel. Leerders mag egter ook die styl van hul gekose baan met 'n ander styl vir hul praktiese werk meng. 'n WKM-leerder mag dit byvoorbeeld kies om een of meer jazz-stukke te speel, of 'n IAM-kandidaat mag Westerse stukke op die viool voordra.

Hulle sal egter nie bane binne Tema 3 kan vermeng nie, omdat dit in vraestelle vereis sal word om 'n totale afdeling oor één van WKM, JAZZ of IAM te beantwoord.

2.5 Tydtoedeling vir Musiek

Daar is vier ure onderrig per vyfdagweek aan Musiek toegedeel. Hierbenewens word dit van leerders verwag om buite skoolure te oefen. Indien meer tyd toegedeel word, behoort dié tyd vir groepaktiwiteite soos ensemble-repetisies gebruik te word.

2.6 Progressie

Progressie in beide die praktiese en teoretiese aspekte van musiek word hieronder in vlakke uitgedruk. Daar is drie prestasievlakke (prakties en teoreties) wat elk minimum vaardigheidsvlakke, wat teen die jaareinde bereik moet word, aandui.



- (a) **Elementêre** prestasievlak vir Westerse kunsmusiek en jazz is vergelykbaar met graad 2 van eksterne eksamenliggame. Leerders kan gerus na hoër vlakke as die minimum streef. **Elementêre vlak vir Afrika-musiek sal op die DBO-riglyne gebaseer wees.**
- (b) **Intermediêre** prestasievlak vir Westerse kunsmusiek en jazz is vergelykbaar met graad 4 van eksterne eksamenliggame. Leerders kan gerus na hoër vlakke as die minimum streef. **Intermediêre vlak vir Afrika-musiek sal op die DBO-riglyne gebaseer wees.**
- (c) **Gevorderde** prestasievlak vir Westerse kunsmusiek is vergelykbaar met graad 5 van eksterne eksamenliggame. Leerders kan gerus na hoër vlakke as die minimum streef. **Gevorderde vlak vir Afrika-musiek sal op die DBO-riglyne gebaseer wees.**

Skoolgraad	Prestasievlak
Graad 10	Elementêr
Graad 11	Intermediêr
Graad 12	Gevorderd

2.7 Onderwysers

- Skole moet sover moontlik musiekopgeleide onderwysers aanstel wat minstens oor 'n BMus-, BA Mus-graad, lisensiaatdiploma van Unisa, Trinity Guildhall of ABRSM beskik. Indien dit nie haalbaar is nie, moet onderwysers opgelei word om die nodige vaardigheidsvlakke te bereik om die KABV's te kan onderrig.
- Onderrig in die gekose instrument behoort deur 'n opgeleide instrumentalis gegee te word. Dit sou 'n rondreisende musiekonderwyser kon wees wat verskeie skole bedien.
- Vir Afrika-musiek kan skole van die kundigheid van 'n inheemse Afrika-musiekbeoefenaar gebruik maak.



AFDELING 3

3.1 Oorsig oor temas en tydsindeling

	Breë temas	Beskrywing	Tydoedeling: 4 ure per week
1	Musiekvoordrag en improvisasie	Ontwikkeling van solo-en ensemble ¹ -uitvoerings-vaardighede Ontwikkeling van improvisasie-vaardighede	2 ure per week – oefentyd word bygevoeg soos leerder dit benodig volgens vlak en vaardigheid
2	Musiekgeletterdheid	Musiekteorie en notasie Gehoorbewustheid van teorie Bladsang Harmonie Musiekterminologie	1 uur per week
3	Algemene musiekkennis en analise	Vorm en struktuur Gesiedenis van óf Westerse kunsmusiek óf jazz óf inheemse Afrika-musiek en hul komponiste of vertolkers Musiek-genres Suid-Afrikaanse musiekindustrie	1 uur per week



¹ Alle leerders moet lid van 'n ensemble wees. Die skool moet verkieslik verskeie ensembles tot stand bring. Dit sal individuele leerders in staat stel om 'n verskeidenheid musiekstyle in die praktyk te ervaar.
Improvisasie is 'n praktiese aktiwiteit waarin leerders uitvoeringsbeginsels van jazz, inheemse Afrika-musiek en Westerse musiek toepas.

3.2 Jaarplan vir onderrig


Musiek	Graad 10	1ste Kwartaal
Tema 1	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekvoordrag en improvisasie	2 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • musiekinstrumente • voldoende ruimte vir onderrig, repeteer of oefen • oorspronklike partiture en/of oorspronklike bladmusiek • speelruimte
<u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u>		
Keuse van baaninhoud word deur leerders, onderwyser of skool gemaak.		
<p><u>Westerse kunsmusiek</u></p> <p>A. Solowerk Seleksie van werke uit die standaardrepertorium van Westerse kunsmusiek, jazz, Afrika-musiek, rock en pop of ander musiekstyle vir die gekose instrument (e) of stem. 'n Minimum van drie stukke van minstens elementêre standaard moet teen die einde van graad 10 voorgedra word.</p> <p>B. Ensemble-werk Seleksie van minstens een stuk per jaar. Een stuk moet teen die einde van graad 10 voorgedra word. Aandag moet gegee word aan hoe leerders binne 'n instrumentale/vokale ensemble funksioneer (bv. vermoë om individuele partye te speel/sing, verantwoordelikheid binne die groep, ens.). Leerders in Afrika-musiek moet met voordragprotokol en stelreëls vertrouwd gemaak word.</p> <p>C. Tegniese werk Seleksie van tegniese werk wat vir die instrument/stem geskik is: Minstens op elementêre vlak ooreenkomstig die individuele behoefte en vermoë van die leerder (bv. toonlere, arpeggio's, gebroke akkoorde, studies, ritmiese patrone en tegniese oefeninge).</p> <p>D. Tegnologie van die Instrument Begrip vir die tegnologie van die gekose solo-instrument en die klankproduksie daarvan</p> <p>E. Improvisasie Ritmies-melodiese patrone en/of harmoniese improvisasie. Spontane skep van melodieë in die gekose styl, instrument en ontwikkelingsvlak van leerder(s). Speel enige ritme, melodie of lied uit die kop. Gebruik 'n gepaste notasiesistiem.</p> <p>F. Bladlees en bladsang Kies geskikte bladsang- en bladleesvoorbeelde om leesvermoë te ontwikkel. Die musiekvoorbeelde moet geleidelik meer kompleks word, in pas met die vlak.</p>		<p>Inheemse Afrika-musiek</p> <p>A. Solovoordrag: Hoofinstrument wat deur die grade bestudeer gaan word</p> <p>Tegniese werk</p> <ul style="list-style-type: none"> • melodie-instrumente • melodiepatrone • oefeninge • toonlere • liggaamsposisie • geïsoleerde patrone • speelwyse en klankvorming • stemming/organisasie <p>Mondelinge teksvaardigheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • eie pryssang <p>Gehoorsaamheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • neerskryf van uittreksels <p>B. Tegnologie en belangrikheid van hoofinstrument</p> <p>C. Groepsvaardighede</p> <ul style="list-style-type: none"> • ensemble-deelname • instrumentale rolle • dansritme • roep-en-antwoord (maak spreekbeurt) • Tekens/ellipse of Roep in • IAM

Musiek	Graad 10	1ste Kwartaal
Tema 2	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekgeletterdheid	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • musiekinstrument om begrippe te demonstreeer (klavier of klawerbord) • handboeke of werkboeke • manuskrippapier • rekenaar- en musiekprogramme soos Sibelius/Finale
<p><u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u></p> <p>Gehooroopleiding en praktiese toepassing moet altyd deel uitmaak van musiekgeletterdheid.</p> <p>Tydmaattekens</p> <ul style="list-style-type: none"> • konsep van polse, mate en maatstrepe in 4/4-, 3/4-, 2/4-tydmaattekens <p>Nootwaardes</p> <ul style="list-style-type: none"> • heelnoot, halfnoot, kwartnoot, agstenoot en sestiende noot • Vir Jazz en IAM sluit ook triole en sestiende note in <p>Balke</p> <ul style="list-style-type: none"> • konsep van lyne en spasies vir notasie • nootname • name in spasies • name op lyne • sing van solfège <p>Sleutels</p> <ul style="list-style-type: none"> • G- en F-sleutels <p>Kruise en molle</p> <ul style="list-style-type: none"> • konsep van heeltone en halftone (semitone) • doel van skuiftekens <p>Toonlere</p> <ul style="list-style-type: none"> • konstruksie van 'n majeuretoonleer • tetrachords • C, G en F majeur • tegniese name: tonika, dominant, subdominant <p>Toonsoorttekens</p> <ul style="list-style-type: none"> • betekenis van toonsoorttekens • herkenning van toonsoorttekens <p>Intervalle</p> <ul style="list-style-type: none"> • skryf volmaakte (rein) en majeur-intervalle in C, G en F majeur • herkenning van intervale <p>Komposisietegnieke</p> <ul style="list-style-type: none"> • ritmiese motiewe • ritmiese sekwense <p>Terminologie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hersien musiekbegrippe soos skuiftekens, sleutels, name van nootwaardes, hoog, laag, kruise, molle, toonlere, majeur, mineur, intervale, toonsoort, toonsoortteken, tonika, dominant, subdominant 		



Musiek	Graad 10	1ste Kwartaal
Tema 3	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Algemene musiekkennis en analise	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • handboeke • klanktoerusting (CD-speler, iPod, MP3) • opnames van musiekvoorbeelde
<p><u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u></p> <p>Bekendstelling aan musiek</p> <ul style="list-style-type: none"> • definisie van musiek • elemente van musiek: timbre (toonkleur, musiekinstrumente), tydsduur (tempo, slagmaat, ritme), toonhoogte (melodie, harmonie, tonaliteit), volume (intensiteit van klank), struktuur, tekstuur (monofonies, homofonies, polifonies, digtheid), stemming en atmosfeer • die rol van musiek in verskeie gemeenskappe • musiekstyle – luister na 'n wye verskeidenheid musiekstyle, sodat begrip ontwikkel kan word oor hoe elemente ingespan word om die styl te skep – insluitend ritme, melodie, vorm, tekstuur, en instrumente wat gebruik is • style kan die volgende insluit: volksmusiek, militêre musiek, rock, jazz, Westerse kunsmusiek, Indiese musiek, Afrika-musiek, ens. <p>Instrumente en klankproduksie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Klassifikasie van musiekinstrumente volgens klankproduksie: • chordofone • aërofone • membranofone • idiofone • elektrofone • instrumente van die orkes • strykinstrumente • houtblasers • koperblasers • slagwerk • menslike stem <p>Vorm</p> <ul style="list-style-type: none"> • tegnieke om vorm te skep: herhaling, kontras, variasie • AB • ABA • AABA • basiese vorms van Afrika-musiek <ul style="list-style-type: none"> - Solo's - Roep en refrein - Roep en koorrefrein - Die gemengde vormkonstruksie - Oorvleueling - Roep en antwoord 		



Musiek	Graad 10	2de Kwartaal
Tema 1	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekvoordrag en improvisasie	2 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • musiekinstrumente • voldoende ruimte om te onderrig en repeteer vir oefen • oorspronklike partiture en/of oorspronklike bladmusiek • speelruimte
<u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u>		
Keuse van baaninhoud word deur leerders, onderwyser van skool gemaak.		
<u>Westerse kunsmusiek en jazz</u> A. Solowerk Voortsetting van werke uit die standaardrepertorium van Westerse kunsmusiek, jazz, rock en pop, Afrika-musiek of ander musiekstyle vir die gekose instrument of stem. 'n Minimum van drie stukke van minstens elementêre standaard moet teen die einde van graad 10 voorgedra word. B. Ensemble-werk Voortsetting van ensemble-werk. Een stuk moet teen die einde van graad 10 voorgedra word. Aandag moet gegee word aan hoe leerders binne 'n instrumentale/vokale ensemble funksioneer (bv. vermoë om individuele partye te speel/sing, verantwoordelikheid binne die groep, ens.). Leerders in Afrika-musiek moet met voordragprotokol en stelreëls vertrouwd gemaak word.  C. Tegniese werk Voortsetting van tegniese werk wat vir die instrument/stem geskik is: Minstens op elementêre vlak ooreenkomstig die individuele behoefte en vermoë van die leerder (bv. toonlere, arpeggio's, gebroke akkoorde, studies, ritmiese patrone en tegniese oefeninge). D. Improvisasie Ritmies-melodiese patrone en/of harmoniese improvisasie ooreenkomstig die gekose styl, instrument en ontwikkelingsvlak van leerder(s). Speel enige ritme, melodie of lied uit die kop. E. Bladles en bladsang Kies geskikte bladsang- en bladlesvoorbeelde om leesvermoë te ontwikkel. Die musiekvoorbeelde moet geleidelik meer kompleks word, in pas met die vlak.		<u>Inheemse Afrika-musiek</u> <ul style="list-style-type: none"> • Solovoordrag: Hoofinstrument wat deur die grade bestudeer gaan word Tegniese werk <ul style="list-style-type: none"> • melodie-instrumente • melodiepatrone • oefeninge • toonlere (marimba, mbira, kalimba, makhweyana) • liggaamsposisie • geïsoleerde patrone • speelwyse en klankvorming • stemming/organisasie Mondelinge teksvaardigheid <ul style="list-style-type: none"> • eie pryssang Gehoorsaamheid <ul style="list-style-type: none"> • neerskryf van uittreksels Tegnologie en belangrikheid van hoofinstrument <ul style="list-style-type: none"> • Groepsvaardighede • ensemble-deelname • instrumentale rolle

Musiek	Graad 10	2de Kwartaal
Tema 2	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekgeletterdheid	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • musiekinstrument om begrippe te demonstreer (klavier of klawerbord) • handboeke of werkboeke • manuskrippapier • rekenaar- en musiekprogramme soos Sibelius/Finale

Inhoud/begrippe/vaardighede

Gehooropleiding en praktiese toepassing moet altyd deel uitmaak van musiekgeletterdheid.

Tydmaattekens

- konsep van polse, mate en maatlyne, in 2/4, 3/4 en 4/4. Vir IAM en Jazz, ook 5/4, 3/8 en 6/8
- ritmiese patrone
- lees, skryf en ontleed ritmes met nootwaardes van heelnote tot sestiende note
- groepering van ritmiese patrone
- rustekens

Hulplyne

- Nootname op, bokant en onder die balk. Gebruik een hulplyn.

Sleutels

- G- en F-sleutels

Toonlere

- C, G, D, F en B^b majeur toonlere
- tegniese name van alle toonleertrappe: tonika, supertonika, mediant, subdominant, dominant, submediant, leitoon
- natuurlike mineurtoonlere verwant aan bostaande majeuretoonlere
- vir IAM en Jazz : alle majeur-, harmoniese mineur toonlere en modusse van 'n majeuretoonleer

Toonsoorttekens

- skryf en identifiseer toonsoorttekens van C, G, D, F en B^b majeur
- konsepte van toonsoort en toonleer

Intervalle

- skryf en identifiseer intervalle (volmaak, majeur) in C, G, D, F en B^b majeur
- identifiseer mineur-intervalle in natuurlike mineurtoonlere (vir IAM en Jazz alle intervalle: majeur, mineur, volmaak, vergroot en verminderd)
- majeur op tonika van C, G, D, F en B^b majeur

Melodiekonstruksie

- viermaatmelodieë in bekende toonlere op 'n gegewe eenvoudige ritme

Transkripsie

- van G- na F-sleutel en omgekeerd

Komposisietegnieke

- melodiese sekwens
- voortsetting van ritmiese sekwens

Terminologie

- **Dinamiek:** fortissimo (ff), forte (f), mezzo forte (mf), mezzo piano (mp), piano (p), pianissimo (pp) crescendo (cresc.), decrescendo (decresc.), diminuendo (dim.), fortepiano (fp)
- **Tempo:** *allegro, allegretto, andante, moderato, ritardando (rit), adagio, andantino, presto, rallentando (rall.), a tempo, allargando, langsam, larghetto, largo, lento, mosso, tempo primo,*
- **Artikulasie:** *legato, staccato, (stacc.), aksent, mezzo staccato, portato, tenuto*

Musiek	Graad 10	2de Kwartaal
Tema 3	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Algemene musiekkennis en analise	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • handboeke • klanktoerusting (CD-speler, iPod, MP3) • opnames van musiekvoorbeelde
<p><u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u></p> <p>'n Bekendstelling aan die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Afrikaanse musiek • Boeremusiek • Moppies en Ghoema • Indiese musiek • rock en pop: Jimi Hendrix, Elvis Presley en The Beatles 		
Begin van Bane (Mid-Kwartaal)		
<p>Bekendstelling aan Westerse kunsmusiek</p> <ul style="list-style-type: none"> • historiese tydlyn 	<p>Bekendstelling aan jazz</p> <ul style="list-style-type: none"> • historiese tydlyn • bekendstelling aan die basiese elemente van jazz • Ontgin die klanke en style van jazz 	<p>Bekendstelling aan Inheemse Afrika-musiek</p> <ul style="list-style-type: none"> • lande • gebiede en hul • breë musiektradisies



Musiek	Graad 10	3de Kwartaal
Tema 1	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekvoordrag en improvisasie	2 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • musiekinstrumente • voldoende ruimte vir onderrig, repeteer of oefen • oorspronklike partiture en/of oorspronklike bladmusiek • speelruimte
<u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u>		
Keuse van baaninhoud word deur leerders, onderwyser of skool gemaak.		
<u>Westerse kunsmusiek en jazz</u> A. Solowerk Voortsetting van werke uit die standaardrepertorium van Westerse kunsmusiek, jazz, rock en pop, Afrika-musiek of ander musiekstyle vir die gekose instrument of stem. 'n Minimum van drie stukke van minstens elementêre standaard moet teen die einde van graad 10 voorgedra word. B. Ensemble-werk Voortsetting van ensemble-werk. Een stuk moet teen die einde van graad 10 voorgedra word. Aandag moet gegee word aan hoe leerders binne 'n instrumentale/vokale ensemble funksioneer (bv. vermoë om individuele partye te speel/sing, verantwoordelikheid binne die groep, ens.). Leerders in Afrika-musiek moet met voordragprotokol en stelreëls vertrouwd gemaak word. C. Tegniese werk Voortsetting van tegniese werk wat vir die instrument/stem geskik is. Minstens op elementêre vlak ooreenkomstig die individuele behoefte en vermoë van die leerder (bv. toonlere, arpeggio's, gebroke akkoorde, studies, ritmiese patrone en tegniese oefeninge). D. Improvisasie Ritmies-melodiese patrone en/of harmoniese improvisasie ooreenkomstig die gekose styl, instrument en ontwikkelingsvlak van leerder(s). Speel enige ritme, melodie of lied uit die kop. E. Bladles en bladsang Kies geskikte bladsang- en bladlesvoorbeelde om leesvermoë te ontwikkel. Die musiekvoorbeelde moet geleidelik meer kompleks word, in pas met die vlak.		<u>Inheemse Afrika-musiek</u> A. Solovoordrag Hoofinstrument wat deur die grade bestudeer gaan word Tegniese werk <ul style="list-style-type: none"> • geïsoleerde patrone • speelwyse en klankvorming • stemming/organisasie Mondelinge teksvaardigheid <ul style="list-style-type: none"> • eie pryssang Gehoorsaamheid <ul style="list-style-type: none"> • neerskryf van uittreksels Dans <ul style="list-style-type: none"> • basiese beweging gedurende voordrag B. Tegnologie en belangrikheid van hoofinstrument C. Groepsvaardighede <ul style="list-style-type: none"> • ensemble-deelname • instrumentale rolle

Musiek	Graad 10	3de Kwartaal
Tema 2	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekgeletterdheid	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • musiekinstrument om begrippe te demonstreeer (klavier of klawerbord) • handboeke of werkboeke • manuskrippapier • rekenaar- en musiekprogramme soos Sibelius/Finale
<p><u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u></p> <p>Gehooropleiding en praktiese toepassing moet altyd deel uitmaak van musiekgeletterdheid</p> <p>Tydmaattekens</p> <ul style="list-style-type: none"> • enkelvoudige en saamgestelde tyd • tydmaattekens: 2/4, 3/4, 4/4 en 6/8 <p>Nootwaardes en ritmiese patrone</p> <ul style="list-style-type: none"> • lees, skryf en ontleed ritmes met nootwaardes van heelnoot tot sestiendenoot • klap ritmes (van die blad en naklap) • gepunteerde ritmes • groepering van ritmiese patrone in enkelvoudige en saamgestelde tyd • rustekenskens van heelnoot tot sestiende noot <p>Nootname</p> <ul style="list-style-type: none"> • alle nootname van die G- en F-sleutels insluitend skuiftekens <p>Toonlere</p> <ul style="list-style-type: none"> • toonlere van C, G, D, A, F, B^b en E^b majeur • rein- en harmoniese mineure op a, e, b, f[#], d, g en c <p>Toonsoortteken</p> <ul style="list-style-type: none"> • skryf en identifiseer toonsoorttekens van C, G, D, A, F, B^b en E^b majeur en die verwante mineure <p>Intervalle</p> <ul style="list-style-type: none"> • skryf en identifiseer volmaakte (rein), majeur, mineur, en vergrote intervalle soos op die tonika van C, G, D, A, F, B^b en E^b majeur en a, e, b, f[#], d, g en c harmoniese mineure <p>Transkripsie</p> <ul style="list-style-type: none"> • van G-sleutel na F-sleutel en omgekeerd <p>Drieklanke</p> <ul style="list-style-type: none"> • majeur • mineur • vergroot • vir IAM en Jazz : Akkoordkonstruksies, 7de akkoorde, Majeur 7de, Mineur 7de en Dominant 7de <p>Harmonie</p> <ul style="list-style-type: none"> • primêre akkoorde (I, IV en V) met drieklanke in grondposisie • herkenning van I-, IV-, V-progressies in bestaande musiek <p>Melodiekonstruksie</p> <ul style="list-style-type: none"> • viermaatmelodieë in bekende toonlere op 'n gegewe ritme <p>Komposietegnieke</p> <ul style="list-style-type: none"> • melodiese en ritmiese motiewe • melodiese en ritmiese sekwense • pedaalpunte • vind voorbeelde in bestaande musiek <p>Terminologie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Karakter: <i>cantabile, semplice, alla Marcia, espressivo, fröhlich, grazioso, leggiero, lustig, ruhig, scherzando, tempo di minuetto</i> • Ander: <i>con, ma non troppo, meno, mezzo, molto, senza, da capo (D.C.), fine, dal segno (D.S.), anakrusis, fermata, da capo al segno, da capo al fine, opus (op.), acciacatura, appoggiatura, turn, mordent, trill, shake</i> 		

Musiek	Graad 10	3de Kwartaal
Tema 3	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Algemene musiekkennis en analise	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • handboeke • klanktoerusting (CD-speler, iPod, MP3) • opnames van musiekvoorbeelde
<u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u>		
Keuse van baaninhoud word deur die skool gemaak.		
<p><u>Westerse kunsmusiek</u></p> <p>Barok Definisie en beskrywing van hoofkenmerke van die styl Belangrike komponiste Bekende werke</p> <p>Genres in die Barok</p> <ul style="list-style-type: none"> • vokaal: koor, oratorium, kantate, mis • instrumentaal: concerto grosso, suite, prelude en fuga <p>Prominente vorms</p> <ul style="list-style-type: none"> • tweekledig en driedig <p>Voorgestelde werke</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vivaldi - <i>Vier Seisoene</i> fokus op <i>Lente</i>, • Handel: <i>Die Messias</i> fokus op die koor: <i>For Unto Us a Child is Born</i> and <i>Die Halleluja-koor</i>, <p>Inhoud</p> <ul style="list-style-type: none"> • minimum biografiese feite oor die komponis • gebruik van toonsoort • teksture soos homofonie en polifonie • ornamentasie • dinamiek • die klavesimbel as instrument basso continuo • die ontwikkeling van die orkes gedurende die Barok-periode • die doel van die musiek en omstandighede waarin dit geskryf is (Hoekom is die musiek geskryf?) 	<p><u>Jazz</u> Definisie en beskrywing van hoofkenmerke van die styl. Belangrike komponiste Bekende Werke</p> <p>Vroeë Blues</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beskrywing/definisie <p>Voorgestelde werke</p> <ul style="list-style-type: none"> • Blind Willy Johnson - <i>In My Time of Dying</i> • Bessie Smit - <i>Empty Bed Blues</i> • Leadbell - <i>Bourgeois Blues</i> <p>Ragtime 'n Jazz-styl met uitgebreide gesinkopeerde ritme in die melodie en 'n vaste geaksentueerde begeleiding</p> <p>Voorgestelde werke</p> <ul style="list-style-type: none"> • Jelly Roll Morton - <i>Animule Dance</i> • Scott Joplin - <i>The Entertainer</i> <p>Stride-klavier</p> <ul style="list-style-type: none"> • Styl wat uit ragtime ontwikkel het ná die eerste wêreldoorlog <p>Voorgestelde werke</p> <ul style="list-style-type: none"> • James P. Johnson - <i>Keep Off the Grass</i> • Fats Waller - <i>Numb Fumblin'</i> • Earl Hines - <i>A Monday Date</i> 	<p>Inheemse Afrika-musiek-baan</p> <p>Klassifikasie van Inheemse Afrika-musiek</p> <ul style="list-style-type: none"> • kinderliedere • werksliedere • koninklike musiek • gewyde liedere • gemeenskaps/dorpsliedere • geslagspesifieke liedere <p>Kinderliedere</p> <ul style="list-style-type: none"> • speelliedjies • rymliedjies <p>Gemeenskapsliedere</p> <ul style="list-style-type: none"> • musiekmaakpraktyke van mans • musiekmaakpraktyke van vroue • musiekmaakpraktyke van mans en vroue saam • werksliedere <p>Gewyde liedere</p> <ul style="list-style-type: none"> • musiekmaakpraktyke wat met Afrika-geestelikheid geassosieer word • musiekmaakpraktyke wat met Afrika-koningshuise geassosieer word • musiekmaakpraktyke wat met inheemse Afrika-kerke geassosieer word • musiekmaakpraktyke wat met inisiasietye geassosieer word • musiekmaakpraktyke wat met reënmaakrituele geassosieer word

<p>Bekendstelling aan die Klassieke styl</p> <ul style="list-style-type: none"> • definisie en beskrywing van kenmerke van die styl • belangrike komponiste • bekende werke • vergelyk kenmerke van Barok en Klassieke style 	<p>Inhoud</p> <ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis soos definisies, beskrywings en kenmerke van die genre • luister na en bespreking van genre-verteenwoordigende werke • lees oor komponiste en verteenwoordigende werke • elemente van die genre • Suid-Afrikaanse moderne samestellings • Vroeë Gospel 1920's • Marabi 	<p>Inhoud</p> <ul style="list-style-type: none"> • filosofiese begroning • struktuur • konteks • instrumentasie (indien enige)
---	--	---




Musiek	Graad 10	4de Kwartaal
Tema 1	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekvoordrag en improvisasie	2 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • musiekinstrumente • voldoende ruimte vir onderrig, repeteer of oefen • oorspronklike partiture en/of oorspronklike bladmusiek • speelruimte
<u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u>		
ASSESSERING		
Vorbereiding vir praktiese eksamen		



Musiek	Graad 10	Kwartaal 4
Tema 2	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekgeletterdheid	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • musiekinstrument om begrippe te demonstreer (klavier of klawerbord) • handboeke of werkboeke • manuskrippapier • rekenaar- en musiekprogramme soos Sibelius/Finale
<p><u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u></p> <p>Gehooropleiding en praktiese toepassing moet altyd deel uitmaak van musiekgeletterdheid.</p> <p>Nootwaardes en ritmiese patrone</p> <ul style="list-style-type: none"> • lees, skryf en ontleed ritmes met nootwaardes van heelnoot tot sestiende noot in 2/4, 3/4, 4/4 en 6/8 korrek gegroeppeer, insluitend rustekenskens • ritmes: naklap en klap van blad • gepunteerde ritmes • assessering <p>Nootname</p> <ul style="list-style-type: none"> • alle nootname van die G- en F-sleutels, insluitend skuiftekens en twee hulplyne • assessering <p>Toonlere</p> <ul style="list-style-type: none"> • C, G, D, A, F, B^b en E^b majeur, a, e, b, f[#], d, g en c harmoniese en melodiese mineur • assessering <p>Toonsoortteken</p> <ul style="list-style-type: none"> • skryf en identifiseer toonsoorttekens van C, G, D, A, F, B^b en E^b majeur, a, e, b, f[#], d, g en c mineur • assessering <p>Intervalle</p> <ul style="list-style-type: none"> • skryf en identifiseer volmaakte (rein), majeur, mineur, verminderde en vergrote intervale • assessering <p>Transkripsie</p> <ul style="list-style-type: none"> • van G- na F-sleutel en omgekeerd • assessering <p>Drieklanke soos hulle in bostaande toonlere voorkom</p> <ul style="list-style-type: none"> • majeur • mineur • vergroot • verminderd • assessering <p>Harmonie</p> <ul style="list-style-type: none"> • primêre akkoorde (I, IV en V); drieklanke in grondposisie, vorm kadense • herkenning van I-, IV-, V-progressies in bestaande musiek • assessering • vir IAM en Jazz: Half-verminderd 7de, Verminderd 7de, Nomenklature, C Maj 7/C M7, C min 7/Cm7/C-7, C7/C dom7 		
<p>Melodiekonstruksie</p> <ul style="list-style-type: none"> • viermaatmelodieë in bekende majeur toonlere op 'n gegewe ritme in 'n I-, IV-, V-progressie • assessering <p>Komposisietegnieke</p> <ul style="list-style-type: none"> • assessering oor melodiese en ritmiese sekwense • assessering oor motiewe <p>Terminologie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Assessering oor alle bekende terme 		



Musiek	Graad 10	4de Kwartaal
Tema 3	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Algemene musiekkennis en analise	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • handboeke • klanktoerusting (CD-speler, iPod, MP3) • opnames of musiekvoorbeelde
<u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u>		
Keuse van baanhoud word deur die skool gemaak.		
<p><u>Westerse kunsmusiek en jazz</u></p> <p>A. Solowerk Seleksie van werke uit die standaardrepertorium van Westerse kunsmusiek, jazz, Afrika-musiek, rock en pop of ander musiekstyle vir die gekose instrument (e) of stem. 'n Minimum van drie stukke van minstens gevorderde standaard moet teen die einde van graad 12 voorgedra word.</p> <p>B. Ensemble-werk Seleksie van minstens een stuk per jaar. Een stuk moet teen die einde van graad 12 voorgedra word. Aandag moet gegee word aan hoe leerders binne 'n instrumentale/vokale ensemble funksioneer (bv. vermoë om individuele partye te speel/sing, verantwoordelikheid binne die groep, ens.). Leerders in Afrika-musiek moet met voordragprotokol en stelreëls vertrouwd gemaak word.</p> <p>C. Tegniese werk Seleksie van tegniese werk wat vir die instrument/stem geskik is: Minstens op gevorderde vlak ooreenkomstig die individuele behoefte en vermoë van die leerder (bv. toonlere, arpeggio's, gebroke akkoorde, studies, ritmiese patrone en tegniese oefeninge).</p> <p>D. Improvisasie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ritmiese, melodiese en/of harmoniese improvisasie ooreenkomstig die gekose styl, instrument en ontwikkelingsvlak van leerder(s). • Speel enige ritme, melodie of lied uit die kop. <p>E. Bladles en bladsang Kies geskikte bladsang- en bladlesvoorbeelde om leesvermoë te ontwikkel. Die musiekvoorbeelde moet geleidelik meer kompleks word, in pas met die vlak.</p>		<p><u>Inheemse Afrika-musiek</u></p> <p>A. Solovoordrag: Eerste en tweede instrument van 'n ander kategorie (chordofone, membranofone, idiofone, aërofone)</p> <p>Tegniese werk</p> <ul style="list-style-type: none"> • werk met patrone • speelwyse en klankvorming • stemming/organisasie <p>Dans</p> <ul style="list-style-type: none"> • basiese dans om 'n voordrag mee te begin <p>Mondelinge teksvaardigheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • verwerk pryssang na instrumentale voordrag • ontgin idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde <p>Gehoorsaamheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • gehoortranskripsie-oefeninge • begrip van konteks en rol <p>B. Groepsvaardighede</p> <ul style="list-style-type: none"> • ensemble-deelname • instrumentale rolle <p>C. Dramatisering</p>

Musiek	Graad 12	1ste Kwartaal
Tema 2	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekgeletterdheid	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • musiekinstrument om begrippe te demonstreer (klavier of klawerbord) • handboeke of werkboeke • manuskrippapier • rekenaar- en musiekprogramme soos Sibelius/Finale
<p><u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u> Gehooropleiding en praktiese toepassing moet altyd deel uitmaak van musiekgeletterdheid. Leerders wat in Afrika-musiek spesialiseer, kan meer klem plaas op die opsie vir Afrika-musiek.</p>		
<p>A. Identifikasie en skryf van die volgende binne 'n gegewe tydmaatteken en ritme</p> <ul style="list-style-type: none"> • alle majeur en mineur toonlere • heeltoon-toonlere • chromatiese toonlere • blues-toonleer • pentatoniese toonleer • alle toonsoorttekens • alle trappe van majeur en mineur toonlere <p>Toonlere vir IAM en Jazz:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Melodiese mineur modusse • Blues-toonlere • Pentatoniese toonlere • veranderde simmetriese toonlere <ul style="list-style-type: none"> - chromatiese toonleer - heeltoon toonleer 		<p>Persepsies van Inheemse Afrika-musiek</p> <p>Pols Reëlmatige stap-pols (in enkelvoudige en saamgestelde vierslagmaat) met interaktiewe klap en liggaamsritmestrukture/-teksture</p> <p>Ritmies-strukturele beginsels (spasie, komplementering, deel met andere, heg met andere, kreatiewe spontaniteit)</p> <p>Melodie Melodiese gedagtegange is tweërlei</p> <ul style="list-style-type: none"> • melodie van toonhoogtes • melodie van toonvlakke op 'n instrument. <p>(Melodiekonstruksie bevat meestal gebalanseerde frases weens voorafgaande en daaropvolgende frases. Dit is gebaseer op 'n melodiese stelling as vraag-en-antwoord, d.w.s. responsoriaal.)</p>
<p>B. Harmonisering</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voeg alt, tenoor en bas by 'n gegewe melodie. Gebruik <ul style="list-style-type: none"> - primêre akkoorde in grondposisie en eerste omkering - sekondêre akkoorde in grondposisie en eerste omkering <p>of</p> <p>Afrika-benadering</p> <p>Dualistiese denkwysie oor harmonie:</p> <ul style="list-style-type: none"> • harmonie van instrument-timbres (toonkleur van verskillende instrumente van dieselfde instrumentfamilie) • die harmonie van melodiese/meloritmiese temas: daar is kultuur-idiome van ooreenkoms 		



C. Analise van musiekpartiture in 'n verskeidenheid van style wat die volgende beskryf en identifiseer

- alle intervalle
- toonsoorttekens
- ritme en slagmaat
- die gebruik van toonlere en modusse
- kadense
- akkoordprogressies

D. Skep 'n melodie vir stem of instrument

- minimumlengte van 12 mate
- struktuurgewing
- gebruik motiewe en sekvensse
- voeg 'n eenvoudige baslyn by om begeleidingsakkoorde aan te dui

E. Transposisie

- Transponeer melodieë vir alle transponerende instrumente (piccolo, kontrabas, klarinet, horing, altsaksofoon, trompet).

F. Komposisietegnieke

- identifiseer motiewe, nabootsing, verkleining, vergroting en variasie in bestaande musiek
- identifiseer ontwikkeling van temas in bestaande musiek
- identifiseer dinamiese vlakke as 'n komposisietegniek
- identifiseer melodiese en ritmiese herhaling in bestaande musiek

G. Terminologie

Hersien alle bekende musiekterme. Voeg by: *agitato, attacca, bewegt, con forza, con fuoco, doppio movimento, giocoso, grave, langsam, larghetto, lebhaft, morendo, ossia, piacevole*

Meloritme**In instrumentale Afrika-musiek het melodieë 'n sterk ritmiese basis.**

- Daar is melodiese kenmerke wat 'n verband skep tussen toonsterkte en toonhoogte.
- Meloritmiese wysies kan 'n melodiese kern-omvang hê. Soms word dit afgelei van nuanses in die spraakstruktuur.
- Meloritme transformeer spontaan in melodie as dit deur die menslike stem gevokaliseer word.

Organiese terminologie vir:

- tempo
- sing in stemme
- dansstappies
- musiekttekens ('cues')
- rolspelers in 'n musiekuitvoering

Musiek	Graad 12	1ste Kwartaal
Tema 3	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Algemene musiekkennis en analise	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • handboeke • klanktoerusting (CD-speler, IPod, MP3) • Opnames of musiekvoorbeelde
<u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u>		
Keuse van baanhoud word deur die skool gemaak.		
<p><u>Westerse kunsmusiek:</u></p> <p>A. Simfonie en simfoniese toondig</p> <ul style="list-style-type: none"> • definisie van die genres • hoe die ontwikkeling van instrumente die simfonie en simfoniese toondig beïnvloed het <p>Komponiste en hul werke</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beethoven - <i>Simfonie Nr. 6</i> • Mendelssohn - <i>Fingal se Grot</i> <p>Inhoud</p> <ul style="list-style-type: none"> • belangrikheid van elk van die gekose orkeswerke • kenmerke van simfonieë • kenmerke van die bewegings en vorms wat meestal daarin voorkom • orkestrasie • ontwikkel die vermoë om 'n partituur te volg • klankherkenning hiervan <p>B. Vorm-analise</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sonatevorm (vermoë om die vorm en hoofbestanddele daarvan te herken) • Minuet en Trio • Rondo 	<p><u>Jazz:</u></p> <p>Marabi (1930-1940) Belangrike kunstenaar/groep</p> <ul style="list-style-type: none"> • The Jazz Maniacs • The Merry Blackbirds • The Jazz Epistles • The Manhattan Bothers <p>Marabi-vrouegroepe Belangrike kunstenaar/groep</p> <ul style="list-style-type: none"> • The Dark City Sisters • The Flying Jazz Queens • Mahotella Queens <p>Kwela (1950's) Belangrike kunstenaar/groep</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spokes Mashiane • Lemmy Mabaso • Elias Lerole <p>Mbhaqanga Belangrike kunstenaar/groep</p> <ul style="list-style-type: none"> • Makgonatsohle Band • Soul Brothers • The Cool Crooners 	<p><u>Inheemse Afrika-musiek-baan</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Metafore van musiek en lewe in inheemse Afrika-samelewings • Uitruilbare konsepte, bv. harmonie en 'n vreedsame naasbestaan • Die rol van 'n spirituele atmosfeer in ruimtes waarin musiek gemaak word • Basiese kennis soos definisies, beskrywings en kenmerke van die genre • Beluistering en bespreking van verteenwoordigende werke van die genre • Lees oor komponiste en hul verteenwoordigende werke • Elemente van die genre <p>Kies enige EEN musiekstyl van die etniese groepe.</p> <p>'n Algemene begrip van die musiek word verlang</p>

	<p>Nuwe jazz</p> <p>Belangrike kunstenaar/groep</p> <ul style="list-style-type: none">• The Jazz Epistles• Todd Matshikiza• Gideon Nxumalo• Philip Tabane <p>Inhoud</p> <ul style="list-style-type: none">• basiese kennis soos definisies, beskrywings en kenmerke van die genre• beluister en bespreek verteenwoordigende werke van die genre• lees oor komponiste en hul verteenwoordigende werke• elemente van die genre	
--	---	--



Musiek	Graad 12	2de Kwartaal
Tema 1	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekvoordrag en improvisasie	2 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • musiekinstrumente • voldoende ruimte vir onderrig, repeteer of oefen • oorspronklike partiture en/of oorspronklike bladmusiek • speelruimte
<u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u>		
Keuse van baaninhoud word deur leerders, onderwyser of skool gemaak.		
<p><u>Westerse kunsmusiek en jazz</u></p> <p>A. Solowerk</p> <p>Voortsetting van werke uit die standaardrepertorium van Westerse kunsmusiek, jazz, Afrika-musiek, rock en pop of ander musiekstyle vir die gekose instrument (e) of stem.</p> <p>'n Minimum van drie stukke van minstens gevorderde standaard moet teen die einde van graad 12 voorgedra word.</p> <p>B. Ensemble-werk</p> <p>Voortsetting van minstens een stuk per jaar. Een stuk moet teen die einde van graad 12 voorgedra word. Aandag moet gegee word aan hoe leerders binne 'n instrumentale/vokale ensemble funksioneer (bv. vermoë om individuele partye te speel/sing, verantwoordelikheid binne die groep, ens.). Leerders in Afrika-musiek moet met voordragprotokol en stelreëls vertrouwd gemaak word.</p> <p>C. Tegnieese werk</p> <p>Voortsetting van tegnieese werk wat vir die instrument/stem geskik is: Minstens op gevorderde vlak ooreenkomstig die individuele behoefte en vermoë van die leerder (bv. toonlere, arpeggio's, gebroke akkoorde, studies, ritmiese patrone en tegnieese oefeninge).</p> <p>D. Improvisasie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ritmiese, melodiese en/of harmoniese improvisasie ooreenkomstig die gekose styl, instrument en ontwikkelingsvlak van leerder(s). • Speel enige ritme, melodie of lied uit die kop. <p>E. Bladles en bladsang</p> <p>Kies geskikte bladsang- en bladlesvoorbeelde om leesvermoë te ontwikkel. Die musiekvoorbeelde moet geleidelik meer kompleks word, in pas met die vlak.</p>		<p><u>Inheemse Afrika-musiek</u></p> <p>A. Solovoordrag</p> <p>Eerste en tweede instrument van 'n ander kategorie (chordofone, membranofone, idiofone, aërofone)</p> <p>Tegniese werk</p> <ul style="list-style-type: none"> • werk met patrone • speelwyse en klankvorming • stemming/organisasie <p>Dans</p> <ul style="list-style-type: none"> • basiese dans om 'n voordrag mee te begin <p>Mondelinge teksvaardigheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • verwerk pryssang na instrumentale voordrag • ontgin idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde <p>Gehoorsaamheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • gehoortranskripsie-oefeninge • begrip van konteks en rol <p>B. Groepsvaardighede</p> <ul style="list-style-type: none"> • ensemble-deelname • instrumentale rolle • dramatisering

Musiek	Graad 12	2de Kwartaal
Tema 2	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekgeletterdheid	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • musiekinstrument om begrippe te demonstreeer (klavier of klawerbord) • handboeke of werkboeke • manuskrippapier • rekenaar- en musiekprogramme soos Sibelius/Finale

Inhoud/begrippe/vaardighede

Gehooroopleiding en praktiese toepassing moet altyd deel uitmaak van musiekgeletterdheid.

A. Harmonisering

Voeg alt, tenoor en bas by. Gebruik

- primêre en sekondêre akkoorde in grondposisie en eerste omkering
- deurgangs-6/4-akkoorde
- kadensiële 6/4-akkoorde
- deurgangsnote
- hulpnote

Voeg vierstemmige harmonie by die sopraanmelodie van 'n lied. Gebruik teks op 'n gebruikersvriendelike wyse.

of

Jazz-benadering

- Harmoniseer melodieë. Gebruik 7des.
- Herharmoniseer 'n eenvoudige agtmaatprogressie. Gebruik vervangings van primêre akkoorde.
- Simmetriese toonlere
 - heel-half-toonleer
 - half-heel-toonleer
 - vergrote toonleer
- Intervalle (alle intervale)
- Sleutels (G-, F- en altsleutels)
- Nomenklatuur van oorheenliggende akkoorde

B. Skep 'n melodie vir stem of instrument

- minimum van 12 mate lank
- Gee struktuur daaraan.
- Gebruik motiewe en sekwense.
- Voeg 'n eenvoudige baslyn of akkoorde by om 'n lied mee te begelei.
- Gebruik gepaste artikulasietekens vir die instrument/stem.

C. Ontleed musiekpartiture in verskeie style. Identifiseer en beskryf die volgende:

- alle intervalle
- toonsoorttekens
- ritme en slagmaat
- die gebruik van toonlere en modusse
- kadense
- akkoordprogressies
- vraag en antwoord
- deurgangsnote
- hulpnote

D. Transposisie

- Transponeer melodieë vir alle transponerende instrumente (piccolo, kontrabas, klarinet, horing, saksofoon, trompet)

E. Komposisietegnieke

- ritme en pols as komposisietegniek
- harmoniese progressie as 'n komposisietegniek
- ontwikkeling van temas as 'n komposisietegniek
- dinamiese vlakke, timbre, instrumentasie en orkestrasie as komposisietegnieke
- melodiese en ritmiese herhaling as komposisietegnieke

F. Terminologie

Hersien alle bekende terme. Voeg by: *quasi, rinzforzando, rf, rfz, risoluto, rubato, scherzando, schnell, sehr, senza, smorzando, sotto voce, stringendo, tranquillo*



Musiek	Graad 12	2de Kwartaal
Tema 3	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Algemene musiekkennis en analise	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • handboeke • klanktoerusting (CD-speler, iPod, MP3) • Opnames van musiekvoorbeelde
<u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u>		
<p><u>Westerse kunsmusiek:</u></p> <p>Opera</p> <ul style="list-style-type: none"> • definisie en beskrywing van die genre • samevatting van die historiese ontwikkeling • begrip vir die betekenis en rol van komiese en ernstige opera, libretto, aria, resitatief en koor. • welbekende operas deur welbekende komponiste <p>Komponis en werk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Mozart - <i>Die Towerfluit</i> <p>Inhoud</p> <ul style="list-style-type: none"> • storielyn • kenmerke • karakters • arias • koordele • musikale belangrikheid daarvan 	<p><u>Jazz:</u></p> <p>Vroeë jazz-sangers</p> <p>Belangrike kunstenaar/groep</p> <ul style="list-style-type: none"> • Miriam Makeba • Dolly Rathebe • Thandi Klaasen <p>Jazz in ballingskap</p> <p>Belangrike kunstenaar/groep</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die 'blues'-note • Brotherhood of Breath • Union of Africa <p>Jazz by die huis</p> <p>Belangrike kunstenaar/groep</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spirit Rejoice • Sakhile • ZimNqawana <p>Kaapse jazzBelangrike kunstenaar/groep</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dollar Brand (Abdullah Ibrahim) • Robbie Jansen • Winston Ngozi <p>Latere jare</p> <p>Belangrike kunstenaar/groep</p> <ul style="list-style-type: none"> • FeyaFaku • Moses Molelekwa • Voice <p>Inhoud</p> <ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis soos definisies, beskrywings en kenmerke van die genre • beluister en bespreek verteenwoordigende werke • lees oor komponiste en hul verteenwoordigende werke • elemente van die genre 	<p><u>Inheemse Afrika-musiek-baan</u></p> <p>Moderne samestellings van IAM</p> <ul style="list-style-type: none"> • Mbhaqnanga • Maskandi • Isicathamiya • Malombo-jazz • Free Kiba <p>Geskiedenis van moderne IAM</p> <p>Navorsing oor IAM</p> <p>Kies enige EEN musiekstyl van die etniese groepe.</p> <p>'n Algemene begrip van die musiek word verlang.</p>

Musiek	Graad 12	3de Kwartaal
Tema 1	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekvoordrag en improvisasie	2 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • musiekinstrumente • voldoende ruimte vir onderrig, repeteer of oefen • oorspronklike partiture en/of oorspronklike bladmusiek • speelruimte
<p><u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u></p> <p>GRAAD 12-EKSAMEN</p> <p>Vorbereiding vir finale praktiese eksamen</p>		



Musiek	Graad 12	3de Kwartaal
Tema 2	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Musiekgeletterdheid	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • musiekinstrument om begrippe te demonstreeer (klavier of klawerbord) • handboeke of werkboeke • manuskrippapier • rekenaar- en musiekprogramme soos Sibelius/Finale

Inhoud/begrippe/vaardighede

Gehooroopleiding en praktiese toepassing moet altyd deel uitmaak van musiekgeletterdheid.

A. Analiseer musiekpartiture in 'n verskeidenheid van style. Identifiseer en beskryf die volgende:

- alle intervalle
- toonsoorttekens
- ritme en slagmaat
- die gebruik van toonlere en modusse
- kadense
- akkoordprogressies
- herhaling
- vraag en antwoord
- sekwense
- deurgangsnote
- hulnote
- terughoudings (suspensies)
- vooruitnemings (antisipasies)

**B. Harmonisering**

Voeg alt, tenor en bas by 'n melodie. Gebruik

- primêre en sekondêre akkoorde in grondposisie, eerste en tweede omkerings
- dominant sewende in grondposisie
- nie-harmoniese note: deurgangsnote, hulnote, suspensies en antisipasies

of

Jazz-benadering

- Akkoordposisies en verbindingsakkoorde
- Gevorderde akkoordvervanging
- Analise van partiture in verskeie style. Identifiseer en beskryf die volgende:
 - Alle intervalle
 - Toonsoorttekens
 - Ritme en slagmaat
 - Die gebruik van toonlere en modusse
 - Akkoordprogressies

C. Skep 'n melodie vir stem of instrument

- minstens 12 mate lank
- Gee struktuur daaraan.
- Gebruik motiewe en sekwense.
- Voeg 'n eenvoudige baslyn of akkoorde by om 'n lied mee te begelei.

D. Komposisietegnieke

- Finale hersiening van alle bekende komposisietegnieke

E. Terminologie

- Finale hersiening van alle bekende musiekterminologie

of

Afrika-musiekbenadering

Vorm.

- tematiese vorm
- uitvoeringsvorm (voorafgaande en daaropvolgende frases wat op 'n melodiese stelling gebaseer is as vraag-en-antwoord, d.w.s. responsoriale vorm)
- Integrale vertolking van vorm/struktuur soos dit voorkom in inheemse musiek-genres.



Musiek	Graad 12	3de Kwartaal
Tema 3	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
Algemene musiekkennis en analise	1 uur per week	<ul style="list-style-type: none"> • gepaste ruimte • handboeke • klanktoerusting (CD-speler, IPod, MP3) • Opnames van musiekvoorbeelde
<u>Inhoud/begrippe/vaardighede</u>		
A. Suid-Afrikaanse musiekindustrie		
<ul style="list-style-type: none"> • die industriële proses van die oorsprong van 'n musikale idee tot die publikasie en uitvoering daarvan • platemaatskappye in Suid-Afrika • musiekregte • kopiereg • hoe om 'n nuwe komposisie te registreer 		
FINALE HERSIENING VIR DIE GRAAD 12-EKSAMEN		

Musiek	Graad 12	4de Kwartaal
Eksamensessie		



AFDELING 4:

ASSESSERING IN MUSIEK

4.1 Inleiding tot assessering

Assessering is 'n deurlopende beplanningsproses, bestaande uit die identifiseer, versamel en vertolking van leerders se prestasie. Verskeie assesseringswyses word gebruik. Dit bestaan uit vier stappe: ontwikkel en versamel bewyse van leerderprestasie, evalueer die data, teken die bevindinge op en gebruik dan hierdie inligting om die leerder by te staan in sy ontwikkeling. Sodoende word die proses van onderrig en leer verbeter.

Assessering moet beide informeel (Assessering vir Leer) en formeel (Assessering van Leer) wees. In albei gevalle moet gereelde terugvoer aan leerders gegee word, om die leerproses te verryk.

4.1.1 Assessering in Musiek

Daar is **vyf** praktiese assesseringstake (PAT'e) in graad 10 tot 12. Leerders wat die IAM- en Afrotonia/jazz-bane kies, kan in Graad 10 en 11 elke jaar drie genres in elke onderskeie kategorie in tabel 1 kies. Leerders wat die IAM- en Afrotonia/jazz-bane kies, kan in graad 12 vier genres in IAM en drie in Afrotonia/Jazz van tabel 1 kies. Tabel 2 verskaf assesseringsriglyne vir kennis en vaardighede wat in elke graad vereis word. Die liedere se vlak van kompleksiteit word nie bepaal deur die digtheid van die repertorium nie, maar wel deur die kriteria soos in Tabel 2 uiteengesit. Dit vorm die jaarpunt vir Musiek, wat bestaan uit 25% van die promosiepunt. Die oorblywende 75% word uit die eindeksamen verkry.

Die PAT'e hou direk verband met die kurrikulummateriaal vir Musiek. Dit vorm deel van die onderrig- en assesseringsaktiwiteite. Dit word as deurlopende assesseringsmiddele gebruik en het dit ten doel om alle aspekte van die kurrikulum te dek.

Die volgorde waarin die PAT'e voltooi word, word nie gespesifiseer nie; dit word bloot voorgestel. Onderwysers moet toesien dat hierdie PAT'e egalig gedurende die eerste drie kwartale van die akademiese jaar versprei word.

4.2 Informele of daaglikse assessering

Leerassessering het ten doel om individuele leerders se prestasie deurlopend te versamel, sodat dit gebruik kan word om hul leerproses te verbeter.

Informele assessering is 'n daaglikse monitering van die vordering van leerders. Dit word gedoen deur waarnemings, besprekings, praktiese demonstrasies, leerder-onderwyser-konferensies, informele klaskamerinteraksies, ens. Informele assessering kan só eenvoudig wees, deur bloot tydens die les te stop, om leerders dop te hou, of om hul vordering met leerders te bespreek. Informele assessering het ten doel om terugvoer aan leerders te verskaf en om as beplanningsinligting te dien. Dit hoef nie aangeteken te word nie. Dit moet nie beskou word as iets wat losstaande van leeraktiwiteite in die klaskamer is nie. Leerders of onderwysers kan hierdie assesseringstake nasien.

Selfassessering en eweknieassessering maak leerders aktief betrokke in assessering. Dit is van belang, want dit laat leerders toe om te leer uit en te besin oor hoe hulle self presteer. Die inligting van informele daaglikse assessering hoef nie formeel aangeteken te word nie, behalwe as die onderwyser dit so verkies. Hierdie daaglikse assesseringsaktiwiteite word nie by promosie- en sertifiseringsdoeleindes in berekening gebring nie.

4.3 Formele assessering

Alle assesseringstake wat deel vorm van die jaarlikse formele assesseringsprogram, word beskou as formele assessering. Formele assesseringstake word nagesien en formeel deur die onderwyser aangeteken, vir progressie- en sertifiseringsdoeleindes. Alle formele assesseringstake is aan moderering onderworpe vir die doel van kwaliteitskontrole om te verseker dat gepaste standaarde gehandhaaf word.

Formele assessering voorsien onderwysers van 'n sistematiese evalueringstake oor hoe goed leerders vorder in 'n graad en in 'n spesifieke vak. Voorbeelde van formele assessering sluit in toetse, eksamens, praktiese take, projekte, mondelinge aanbiedinge, demonstrasies, uitvoerings, ens. Formele assesseringstake vorm deel van 'n jaarlange formele Assesseringsprogram in elke graad en vak.

Graad	Take wat deur die jaar gedoen is (%)	Eindeksamen (%)
R – 3	100	n.v.t.
4 – 6	75	25
7 – 9	40	60
10 en 11	25	75
12	25	Eksterne eksamen: 75

4.3.1 Praktiese Assesseringstake (PAT'e)

Volledige inligting oor die PAT'e is in die PAT-dokument vervat.

Die volgende Praktiese Assesseringstake (PAT'e) moet gedoen word. Hierdie take kan in enige volgorde gedoen word. Dit moet egalig deur die loop van die eerste drie kwartale van die jaar versprei word.

GRAAD 10 PAT'e

PAT	BESKRYWING	PUNTE	
PAT 1	<p>Konsertvoordrag: Een werk wat voordraggereed is Geskrewe programaantekeninge Vir IAM en Jazz/Afrofonie - Lewendige musiekuitvoering op hoofinstrument (solo/ensemble) - Programaantekeninge</p>	40 10	50
PAT 2	<p>Musiekgeletterdheids taak: Ontleding van 'n partituur Teorietoets Vir IAM en Jazz/Afrofonie - Teorietoets - Analise (van partituur of klank, of oudio-visueel)</p>	20 30	50
PAT 3	<p>Melodiese of ritmiese improvisasie: Improvisasie 1 Improvisasie 2 Vir IAM en Jazz/Afrofonie [Roep en antwoord: gebruik pryssang, historiese kronieke, maak kontekstuele kommentaar, gebruik fono-estetika, krepitasies, verhoogaanwysings, mond-dromspel, roep en refrein, roep en koorrefrein, gemengde struktuurvorm, oorvleueling] Vir Jazz en Afrofonie: Basiese benadering deur die gebruik van akkoordnote, melodiese en ritmiese patrone.</p>	25 25	50
PAT 4	<p>Elementêre komposisie of verwerking Vir IAM en Jazz/Afrofonie - Diktee (melodies en ritmies, harmonies en akkoordherkenning) - Prakties (bladlees, bladsang en bladklap)</p>	50	50
PAT 5	<p>Geskrewe werksopdrag: (1000 – 1500 woorde) Studie van eie voordraginstrument, bou, klankproduksie, geskiedenis Vir IAM en Jazz/Afrofonie Studie van eie instrument, bou, klankproduksie, geskiedenis, kulturele kontekste</p>	50	50
	Totaal vir Graad 10 PAT'e		250

GRAAD 11 PAT'e

PAT	BESKRYWING	PUNTE	
PAT 1	Konsertvoordrag: Een werk wat voordraggereed is Geskrewe programaantekeninge Vir IAM en Jazz/Afrofonie - Lewendige musiekuitvoering op hoofinstrument (solo/ensemble) - Programaantekeninge	40 10	50
PAT 2	Musiekgeletterdheids taak: Ontleding van 'n partituur Transkripsie en transposisie	30 20	50
PAT 3	Improvisasie: Uitvoering Geskrewe verduideliking van styl/tegnieke wat gebruik is Vir IAM en Jazz/Afrofonie [Roep en antwoord: gebruik pryssang, historiese kronieke, maak kontekstuele kommentaar, gebruik fono-estetika, krepitasies, verhoogaanwysings, mond-dromspel, roep en refrein, roep en koorrefrein, gemengde struktuurvorm, oorvleueling] Vir Jazz en Afrofonie: Melodiese en ritmiese patrone	40 10	50
PAT 4	Komposisie of verwerking Handgeskrewe of gedrukte partituur Uitvoering of opname (elektronies of akoesties) Vir IAM en Jazz/Afrofonie Kreatiewe innovasie: Besluit oor - melodie (kies stem of musiekinstrument) - begeleid of onbegeleid - komponeer vir 'n solo-instrument - struktuur van die komposisie: vers of vers en koor - kan prysdans byvoeg - ander kunsvorms kan ingesluit word - stemming van die lied: treurig of vrolik - melodiese en ritmiese ooreenkoms	40 10	50
PAT 5	Geskrewe werksopdrag: (1000 – 1500 woorde) Repertoriumstudie: Musiek vir eie voordraginstrument in spesifieke styl Vir IAM en Jazz/Afrofonie -Repertoriumstudie: Luister na verskillende komposisies vir jou hoofinstrument en bespreek die struktuur, vorm, inhoud, betekenis en kulturele kontekste van gebruik in spesifieke styl.	50	50
	Totaal vir Graad 11 PAT'e		250



GRAAD 12 PAT'e

PAT	BESKRYWING	PUNTE	
PAT 1	<p>Konsertvoordrag: Een werk wat voordraggereed is Geskrewe programaantekeninge Vir IAM en Jazz/Afrofonie - Lewendige musiekuitvoering op hoofinstrument (solo/ensemble) - Programaantekeninge</p>	40 10	50
PAT 2	<p>Musiekgeletterdheids taak: Harmoniese analise Harmonisering Vir IAM Analise van gekose musiekstuk. Gebruik die volgende elemente: Roep en antwoord, pryssang, historiese kronieke, maak kontekstuele kommentaar, gebruik fono-estetika, krepitasies, verhoogaanwysings, mond-dromspel, roep en refrein, roep en koorrefrein, gemengde struktuurvorm, oorvleueling. Vir Jazz/Afrofonie: Geskrewe taak: Gevorderde substitusie, II, V, I - progressie, omdraai, tritonus substitusie, sekondêre dominant</p>	30 20	50
PAT 3	<p>Improvisasie: Uitvoering Geskrewe verduideliking van styl wat gebruik is Vir IAM [Roep en antwoord: gebruik pryssang, historiese kronieke, maak kontekstuele kommentaar, gebruik fono-estetika, krepitasies, verhoogaanwysings, mond-dromspel, roep en refrein, roep en koorrefrein, gemengde struktuurvorm, oorvleueling] Jazz/Afrofonie: Melodiese en ritmiese patrone</p>	40 10	50
PAT 4	<p>Komposisie of verwerking Handgeskrewe of gedrukte partituur Uitvoering of opname (elektronies of akoesties) Vir IAM en Jazz/Afrofonie Kreatiewe innovasie: Besluit oor - melodie (kies stem of musiekinstrument) - begeleid of onbegeleid - komponeer vir 'n solo-instrument - struktuur van die komposisie: vers of vers en koor - kan prysdans byvoeg - ander kunsvorms kan ingesluit word - stemming van die lied: treurig of vrolik - melodiese en ritmiese ooreenkoms - uitvoering</p>	40 10	50
PAT 5	<p>Geskrewe werksopdrag: (1000 – 1500 words) WKM: <u>Die ontwikkeling van die Sonate</u> vir eie instrument OF <u>Die ontwikkeling van die Oratorium</u> vir sangers Jazz: Vergelyk en kontrasteer bydraes deur 'n sanger of instrumentalis in Suid-Afrikaanse jazz IAM: Besoek of herskep 'n outentieke inheemse Afrika-seremonie om te sien hoe musiek gebruik is Vir IAM Bespreek manlike en vroulike musiek-genres. Fokus op waardes wat invloede uitoefen op voordrag, stelreëls van hoflikheid, vrouwees, manwees, direkte kommentaar en temas van die regeringsvorm, koningshuis, grappe en troues, soos van toepassing Jazz/Afrofonie Bespreek Jazz/Afrofonie van die periode 1920's tot 2000 Marabi, Khwela, Mbhaqanga, Disko, Soul, Bubble-gum, Raggae, Kwaito en Gospel Bespreek: prominente kunstenaars, kenmerke en dekades van opbloei van elke styl.</p>	50	50
	Totaal vir Graad 12 PAT'e		250

4.3.2 Skriftelike opdragte

Graad 10

Leerders doen navorsing oor hul eie instrument. Aandag moet gegee word aan die volgende: hoe die klank geproduseer word, die bou van die instrument, hoe om die instrument op te pas, ideale liggaamsposisie vir oefen en voordrag en die geskiedenis van die instrument. Sangers moet ook die stembande bestudeer, hoe die stembande hul stemtipes bepaal, hoe vokale gevorm word, hoe om jou stem gesond te hou en wat voorkom moet word om jou stem te beskerm.

Graad 11

WKM-leerders doen 'n navorsingstudie oor die repertorium van musiek vir hul eie gekose voordraginstrument binne die raamwerk van hul gekose styl. Die betrokke gekose voordragstukke kan as uitgangspunt gebruik word, met fokus op ander soortgelyke werke van dieselfde komponis of van dieselfde styl. Aspekte soos struktuur, vorm, inhoud, idiomatiek, stemming, komposisietegnieke en stylkonteks kan bestudeer en bespreek word.

Jazz- en IAM-leerders, kan hul repertoriumstudie baseer op beluistering van verskillende komposisies vir die hoofinstrument. Aspekte soos struktuur, vorm, inhoud, stemming, stylkonteks en betekenis van kulturele kontekste kan bestudeer en bespreek word.

Graad 12

Die geskrewe werksopdragte vir graad 12 word gedoen ooreenkomstig die baan wat die leerder gekies het: Westerse Kunsmusiek (WKM), of Jazz, of Inheemse Afrika-musiek (IAM).

WKM:



Leerders doen 'n geskrewe werksopdrag oor die ontwikkeling van die sonate vir sy eie gekose instrument, of oor die ontwikkeling van die oratorium vir leerders wat sangers is. Een spesifieke sonate moet beluister en ontleed word. Die leerder moet alle melodieë van minstens een beweging uit dié sonate ken. In die geval van die oratorium, moet leerders die ontwikkeling van die genre bestudeer en op hul eie tyd ontleed. Die leerder moet die arias uit die gekose oratorium kan herken.

JAZZ:

Leerders vergelyk en kontrasteer bydraes deur 'n sanger (Miriam Makeba of enige ander sanger) en dié van 'n instrumentalis (Hugh Masekela of enige ander instrumentalis) met vandag se musiek. Leerders kan ook die belangrikheid van universiteitsmusiekopleiding vir jazz-musikante bespreek en na slegs twee voorbeelde verwys.

IAM:

Leerders besoek of herskep 'n outentieke inheemse Afrika-seremonie om te sien hoe musiek gebruik is. Leerders moet die relevansie van musiek in die ritueel of seremonie demonstreer. Hulle moet ook kommentaar kan lewer oor die elemente van IAM en hoe dit manifesteer in voordragkommunikasie.

Die assesseringswyse wat gebruik word, moet gepas wees vir die ouderdom en ontwikkelingsvlak. Die ontwerp van hierdie take moet die vakinhoud dek en moet 'n verskeidenheid take insluit wat daarop gemik is om die doelwitte van die vak te bereik.

4.3.3. Eksamens

Praktiese eksamen

150 Punte

Praktiese komponent vergelykbaar met graad 5 van eksterne eksamenliggame	Maksimum punte
Tegnieiese Ontwikkeling: <ul style="list-style-type: none"> • Toonlere, arpeggio's, oefeninge, studies • Geneem uit een lys van 'n amptelike eksamenliggaam 	20
Voordragstukke: (graad 5-vlak) <ul style="list-style-type: none"> • Stuk 1 – Eie keuse (solostuk) 25 • Stuk 2 – Eie keuse (solostuk) 25 • Stuk 3 – Eie keuse of Improvisasie (graad 5-vlak) 25 • Stuk 4 – Ensemble-werk 25 	
Blad lees: <ul style="list-style-type: none"> • Onbegeleide blad lees van minstens 12 mate • Vergelykbaar met graad 5 van 'n eksterne eksamenliggaam 	15
Gehoortoetse: <ul style="list-style-type: none"> • Bladsang • Bladklap • Sing drieklanke: majeur, mineur, verminderd en vergroot • Vir IAM en Jazz/Afrotonia, sing sewende akkoorde: majeur 7de, mineur 7de, dominant 7de, half-verminderde en verminderde 7de 	15
TOTAAL	150

Vir die doeleindes van hierdie eksamen moet 'n ensemble uit 2 – 8 persone bestaan. Elke speler (leerder) moet 'n onafhanklike party speel, wat nie deur 'n ander speler verdubbel word nie. Alle aspekte van die praktiese komponente sal tydens die finale praktiese eksamen afgeneem word.

Musiek Vraestel 1

120 Punte Tydsduur: 3 ure

Afdeling A	Musiekgeletterdheid <ul style="list-style-type: none"> • Grondbeginsels van musiek • Harmonisering en harmoniese analise (tradisionele en jazz-harmonisering) • Melodieskryf (WKM) • Vir IAM en Jazz/Afrofonie, akkoordsamestellings, progressies, modusse van majeur, harmoniese en melodiese mineur toonlere, blue, pentatoniese, simmetriese toonlere, akkoordposisies en verbinding van toonlere, basiese en gevorderde akkoordvervanging en oorheenliggende akkoorde 	60 punte
Afdeling B	Algemene Musiekkennis <ul style="list-style-type: none"> • Soos vir graad 12 in Afdeling 3 uiteengesit is 	60 punte
TOTAAL		120 punte

Musiek Vraestel 2

30 Punte Tydsduur: 1½ ure

Afdeling A	Gehoor <ul style="list-style-type: none"> • Herken verskille of foute, kadense, intervale, akkoorde, tydmaattekens, ritmes, toonlere, nie-harmoniese note, komposisietegnieke • Skryf diktee IAM en Jazz/Afrofonie : Roep en antwoord: gebruik pryssang, historiese kronieke, maak kontekstuele kommentaar, gebruik fono-estetika, kreptasies, verhoogaanwysings, mond-dromspel, roep en refrein, roep en koorrefrein, gemengde struktuurvorm, oorvleueling	
Afdeling B	Herkenning <ul style="list-style-type: none"> • Genres • Stylperiode • Instrumente • Stemme 	
Afdeling C	Vorm en analise <ul style="list-style-type: none"> • Soos in Afdeling 3 uiteengesit 	
TOTAAL		30 punte

Hierdie vraestel word geskryf terwyl kandidate na 'n klankbaan op 'n eksamen-CD luister. Alle vrae word op hierdie klankbaan gebaseer. Elke snit sal 'n bepaalde getal kere gespeel word. Elke graad 12-eksamensentrum sal van 'n klank-CD voorsien word. Dit moet dan aan kandidate tydens die eindeksamen gespeel word. Weens die progressie van graad 10 tot 12, kan agtergrondkennis van graad 10 en 11 ook in graad 12 getoets word.

4.3.4 Kognitiewe vlakke

Formele assessering moet vir 'n spektrum van kognitiewe vlakke en vermoëns van leerders voorsiening maak, soos hieronder aangetoon word:

Kognitiewe Vlakke	Aktiwiteit	Persentasie van taak
Hoër orde vlak	Ontleed, evalueer, skep	30%
Middel orde vlak	Begrip, toepassing	40%
Laer orde vlak	Kennis, onthou	30%

4.4 Assesseringsprogram

Die Assesseringsprogram is ontwerp om formele assesseringstake uit te spreid regoor alle skoolvakke deur die loop van 'n kwartaal.

